SAKE 24 (Beeld)
15 Sep 2011, p.1




**Mnre. Saki Macozoma en Brian Gilbertson gister met die opening van die Tshipi Borwa-mangaanmyn naby Hotazel in die Noord-Kaap.** Foto: VIDA BOOYSEN

# Transnet skuif uitvoerhawe vir mangaan

**Jan de Lange,** Hotazel

Transnet gaan die uitvoerhawe vir mangaan verskuif van Port Elizabeth na die onderbenutte Ngqura-hawe (Coega), het mnr. Siyabonga Gama, uitvoerende hoof van Transnet Freight Rail, gister gesê.

Gama het by die sooispitseremonie van Tsipi Borwa, die mangaanmyn van mnr. Saki Macozoma se Safika Holdings en mnr. Brian Gilbertson se Pallinghurst Resources, gesê Transnet wil die land se uitvoervermoë vir mangaan binne 'n betreklik kort tyd van die huidige sowat sewe miljoen ton tot 12 miljoen ton verhoog en daarna tot 18 miljoen ton teen 2017.

'n Uitvoerbaarheidstudie wat Transnet saam met mangaanprodusente onderneem, sal teen einde Februarie aanstaande jaar afgehandel wees.

Spoorvrag-vermoëns en elektrisiteitstekorte is die belangrikste beperkings op Suid-Afrika se deelname aan die belowende wêreldmark vir mangaan, wat gebruik word om staal te verhard.

Die Tshipi-myn, wat teen die tweede kwartaal van aanstaande jaar sal begin produseer, sal waarskynlik eers 'n jaar later kan begin uitvoer wanneer die kontrakte van mangaanprodusente, hoofsaaklik BHP Billiton/Anglo American in hul Samancor-vennootskap, en Assmang – 'n vennootskap tussen African Rainbow Minerals (ARM) en Assore – verval.

Macozoma, wat tien jaar gelede met die eksplorasie en beplanning van Tshipi Borwa begin het, neem saam met dié twee groot produsente en Kalahari Resources deel aan 'n uitvoerbaarheidstudie vir die ontwikkeling van die Ngqura-hawe en die opgradering van die spoorlyn na die Oos-Kaap tot 'n hoëvolume-spoorlyn.

Twee kaaie wat in Ngqura beskikbaar is, is groot genoeg om 21 miljoen ton per jaar daardeur uit te voer, mits die regte vraghanteringsgeriewe opgerig word.

Die nuwe Tshipi Borwa-myn se produksievermoë sal 2,4 miljoen ton per jaar wees, maar die eienaars van die myn kan nie sê hoe groot die toekenning van Transnet gaan wees van hoeveel erts hulle sal kan uitvoer nie.

"Ons sal beslis nie meer myn as wat ons kan uitvoer nie," het Macozoma gesê.

Op die oomblik word 4,8 miljoen ton mangaan per jaar deur Port Elizabeth uitgevoer, nog een miljoen ton deur Durban en nog sowat een miljoen ton word deur Richardsbaai uitgevoer.

Meer as 70% van die wêreld se hoëgraad-mangaanreserwes is in die Noord-Kaap.